**STATUTERE KENNISGEWING AAN LANGTERMYNVERSEKERING - EN KORTTERMYN POLISHOUERS**
**BELANGRIK - LEES ASSEBLIEF SORGVULDIG**
**OPENBAARMAKINGS - EN ANDER REGVEREISTES**
**(Hierdie kennisgewing vorm nie deel van die Versekeringskontrak nie)**
**U het as langtermynversekeringspolishouer of voornemende polishouer, die reg tot die volgende inligting.**

1. Die tussenganger (versekeringsmakelaar of-verteenwoordiger) wat met u besigheid dryf, moet by die vroegste redelike geleentheid die volgende openbaar:

(a) Naam, fisiese-en posadres en telefoonnommer.
(b) Regbevoegdheid: of onafhanklik of verteenwoordigend van ‘n versekeraar of makelary.
(c) Bondige besonderhede van relevante ondervinding.
(d) Versekeringsprodukte wat verkoop mag word.
(e) Versekeraars wie se produkte bemark mag word.
(f) Of indemniteitsdekking gehou word - Ja / Nee.
(g) Aandeelhouders in versekeraars indien 10% of meer.
(h) Naam van versekeraars van wie die tussenganger gedurende die vorige kalenderjaar 30% of meer van totale kommissie en vergoeding ontvang het.
(Die tussenganger moet in staat wees om bewys te lewer van kontraktuele verhouding met en akkreditering by die betrokke versekeraar).

2. U reg om kennis te dra van die impak van die besluit wat u verkies om te neem:

(a) Die tussenganger of versekeraar wat met u handel dryf, moet u inlig oor:
Die premie wat u mag betaal
Die aard en omvang van voordele wat u mag ontvang
(b) Indien die voordele gekoppel is aan die prestasies van sekere bates:
Hoeveel van die premies gaan vir die voordele?
Aan welke portefeulje sal u voordele gekoppel word?
(c) Die moontlike impak van hierdie aankoop op u finansies.
(d) Die moontlike impak van hierdie aankoop op u ander polisse (bekostigbaarheid).
(e) Die moontlike impak van hierdie aankoop op u beleggingsportefeulje (bekostigbaarheid).
(f) Die veranderinge wat u aan die voorgestelde kontrak mag aanbring.
(g) Die kontraktuele bepalings van die produk wat u beoog om aan te koop. (Dit is baie belangrik dat u oor al die inligting beskik om u in staat te stel om ‘n besluit te neem.)

3. Ureg wanneer u adviseer word om ‘n bestaande polis te vervang:
U mag nie geasviseer word om ‘n polis te kanselleer ten einde u in staat te stel om ‘n nuwe polis aan te koop of ‘nbestaande polis te wysig nie, tensy:

(a) Die tussenganger die polis as ‘n veranderingspolis identifseer .
(b) Die implikasies van kansellasie van die polis aan u geopenbaar word soos:
Die invloed op u voordele kragtens die vorige polis.
Die addissionele koste wat met die vervanging sal plaasvind.
(c) Die versekeraar wat die oorspronklike polis uitgereik het, u kontak, en u word geadviseer om die aangeleentheid met sy verteenwoordiger te bespreek.

4. U reg om deur die versekeraar ingelig te word.

Die versekeraar sal aan u dokumentasie deurstuur wat polisbesonderhede soos vermeld in paragraaf 2 van hierdie kennisgewing bevestig wat ook sal insluit:

(a) Die naam van die versekeraar.
(b) Die produk wat aangekoop word.
(c) Die Rentkostes van die transaksie en die besonder:
(i) die bedankings, indien enige.
(ii) die annvanklike uitgawes: en
(iii) die bedrag van kommissie en ander vergoeding wat aan die tussenganger betaal word.
(d) in die geval van polis met ‘n beleggingselement, die deurlopende uitgawe en enige ander gelde of heffings betaalbaar.
(e) Die opsomming ingevolge artikel 48 van die Langtermynversekeringswet 1998.
(f) Die kontraknommer en adres van die klagtes-en voldoeningsbeamptes van die versekeraar.

(Die versekeraar mag die bogenoemde inligting aan u verskaf op ‘n algemene grondslag met bykomende openbaarmaking te kanselleer,)

5. U reg om die transaksie te kanselleer

In die meeste gevalle, het u ‘n reg om die transaksie binne 30 dae na ontvangs van die opsomming beoog in artikel 48 van die Wet van die versekeraar. Dieselfde geld vir sekere veranderings wat u aan die polis kan aanbring. Die versekeraar is verplig om aan u te bevestig of u hierdie reg het en om te verduidelik hoe om dit uit te oefen. Hou asseblief in gedagte dat u nie mag uitoefen indien u reeds onder die polis reëls het of indien die voorval, waarteen die polis u verseker, reeds plaasgevind het nie. Indien die polis u beleggingselement het, sal u ‘n beleggingsverlies moet dra.

6. Belangrike waarskuwing

*Dit is baie belangrik dat u baie seker moet wees dat die produk of transaksie u beloftes bevredig en dat u meen dat u oor al die inligting beskik wat u nodig het voordat u ‘n besluit neem.

* Dit word aanbeveel dat u met die tussenganger of versekeraar die moontlike impak portefeulje bespreek en u ander polisse of u breër belgeggingsportefeulje. U behoort ook te vra om inligting oor die aanpasbaarheid van enige voorgestelde polis.

* Waar papiervorms benodig word. Is dit annbevelingswaardig om hulle slegs te onderteken wanneer hulle ten volle voltooi is. Beskou u self vry om aantekeninge te hou van mondelinge inliting, en om te vra vir skriftelike bevestiging of kopieë van dokumente.

* Onthou dat u die Ombudsman vir Langtermynversekering of die Registrateur van Langtermynversekering wie se besonderhede hieronder aangegee word mag kontak, indien u enige probleme ondervind met betrekking tot ‘n produk aan u verkoop pf advies aan u gegee.

7. Besonderhede van Ombudsman vir Langtermyneversekering / Korttermynversekering

| | |
|---|---|
| Posbus 45007 | Posbus 32334 |
| CLAREMONT | BRAAMFONTEIN |
| 7735 | 2017 |
| Tel: (012) 657-5000 | Tel: (011) 726-8900 |
| Faks: (012) 674-0951 | Faks: (011) 726-5501 |

8. Besonderhede van Registrateur van Langtermynversekering / Korttermynversekering

Raad op Finansiële Dienste
Posbus 35655
MENLO PARK
0102
Tel: (012) 428-8000
Faks: (012) 347-0221